
1948 3 (1)




**STUDENTEBLAD VAN DIE P.U.K VIR C.H.O.**

**Hoofredakteur:** R. G. Kriel. **Besigheidsbestuurder:** H. A. Esterhuizen.
**Sekretaris:** W. J. I. M. du Plessis. **Medewerkers:** D. L. Hattingh, P. J. v.d. Berg.
**Subredakteure:** J. P. B. Viljoen; J. F. Botha; J. F. E. Esterhuizen; Mej. S. van Wyk.

Deel III. No. 1. APRIL 1948. 2/6 per jaar.

**Century**
**RADIO & TUBE CO. S.A. (PTY.) LTD.**

*Adres*: Kerkstraat 240,
Pretoria.

Werkswinkels & Pakhuise:
Potgieterstraat 305,
Pretoria.

„DIE WAPAD."

Daar is te min ruimte in hierdie advertensie om u alles te verduidelik en ons voel ook dat ons dit beter en deegliker kan doen óf by geleentheid van 'n persoonlike besoek aan u, óf deur u navrae afdoende te behandel deur die pos. Onthou ons is Spesialiste op bostaande gebied. Alleen die allerbeste vakmanne doen die werk vir u en ons verteenwoordig beroemde fabrieke wat deur die jare hul merk gemaak het. Ons spesifikasies, raad en kwotasies is gratis en volledig. Ons verstrek gewaarborgde leweringstermyn en alle installasies word tenvolle gewaarborg om vir 'n lang periode sorgvrye diens te verskaf.

# Die Wapad.

APRIL 1948.

## VOORWAARTS.

Hiermee lê die redaksie van „Die Wapad" die eerste uitgawe in u midde. „Die Wapad" tree hiermee sy derde jaar in. Dit het geblyk dat die uitgawes in die verlede die inkomste ver oorskrei het en dit het 'n groot las op die Studente-raad geplaas. Nou is besluit dat „Die Wapad" sy uitgawes sover moontlik self moet dek. Om hierdie doel te bereik moes ons die uitgawes sover moontlik besnoei, en daarom sal „Di eWapad" in die toekoms een keer per maand verskyn en nie elke veertien dae soos voorheen nie.

Ons bied u egter 'n vergrote uitgawe aan soos u sien en ons hoop om hierdie grootte te handhaaf.

As ons egter ons doel wil bereik nl. om „Die Wapad" self-betalend te maak dan moet ons die ondersteuning van elke student kry. Ons wil dus net in kort 'n paar beroepe op u doen: Teken in op „Die Wapad", lewer u bydraes tot die leesstof en noem „Die Wapad" wanneer u ons adverteerders ondersteun.

„Die Wapad" wil die studente-lewe in al sy veelkleurigheid dek, wil aan elkeen die kans gee om sy letterkundige kragte te oefen en dus sal daar ruimte wees vir erns en luim, skerts en die stel van beginselsake.

In alles bly ons getrou aan die kern „In U Lig." „Die Wapad" moet meehelp aan die uitdra en handhawing van ons beginsel. Dit beteken egter nie dat ons nie ook plek afstaan aan die uitlewing van die verantwoordelike onverantwoordelikheid wat aan elke student eie is in „Die Wapad" nie want dit kan gebeur sonder dat ons afwyk van ons beginsel. Alles sentreer om die kern „In U Lig."

Die redaksie wil alle studente welkom heet aan die P.U.K. en vertrou dat almal sal meehelp aan die handhawing van ons Calvinistiese beginsels sowel in ons studentelewe as in ons optrede na buite. Dit is die eis wat aan elke ware P.U.K.-student gestel word en dis ook die eis waaraan ons hoop om „Die Wapad" te laat beantwoord.

Ondersteun u eie blad, en verseker so sy toekoms.

## *HIEROOR EN DAAROOR.*

**Frik Buytendach** (asook natuurlik **Mej. Elsie Riekert**), **Ampie Viljoen**, **Alwyn Malan**, **Mej. Anna van Oostrum** en die oud-studente **Trens Erasmus** en **Poon Venter** word gelukgewens met die „vastigheid" wat hulle in die lewe bereik het nl. deur verloof te raak. Mag die volgende stap spoedig volg.

* * * *

In hierdie uitgawe verskyn twee artikels wat ons van oud-studente ontvang het nl. van **Prof. Jooste** oor 'n gebeurtenis op P.U.K. in die jare her (sulke artikels is altyd besonder welkom) en van ons ou staatmaker **Bart Grove**. Die Redaksie wil dan ook die geagte professor en heer bedank vir die bydraes.

* * * *

Die Redaksie wil al die persone wat grade by die onlangse grade-plegtigheid behaal het van harte gelukwens.

**Mnr. W. de Klerk** word gelukgewens met die verkiesing tot voorsitter van P.A.N.S.O. en gevolglik tot studenteraadslid. Hy is in die plek van **Mnr. B. Spoelstra** gekies wat die P.U.K. verlaat het om te gaan boer.

* * *

Dit is werklik bemoedigend om briewe van oud-studente soos **Pieter Stoker** en **Gert Coetzee** te ontvang. Hieruit blyk dit dat hulle nog baie belangstel in hul Alma-Mater en in besonder in Die Wapad, deur byvoorbeeld wenke aan die hand te gee hoe om die blad te verbeter. Onderwyl is hul ook nog besig om intekenare te werf. Ons hoop dat talle ander oud-Pukke in die toekoms hulle voorbeeld sal volg.

* * *

Hartelike geluk aan die jukskei-span wat Wes-Transvaal in die afgelope kort vakansie in Bloemfontein verteenwoordig het, en wat op 'n skitterende wyse soveel sukses behaal het. 'n Verslag van die gebeure verskyn elders in die uitgawe. Ons wil ook

(Vervolg Bl. 3, Kol. 1).

**DIRK PONS & KIE.**
(Afrikaanse Pers Beperk).

BOEKHANDELAARS EN UITGEWERS.

Agente vir:
“ROYAL” DRAAGBARE TIKMASJIENE
geskik vir:
Onderwysers en Studente

**Posbus 149.** **Foon 363.**
**POTCHEFSTROOM.**

LAAT ONS U HUIS
**MEUBILEER**

Ons lewer alles wat nodig is om die vertrekke aantreklik en rustig te laat lyk.

**ONS BOU ONS EIE MEUBELS**
en is altyd eerste met nuwe ontwerpe.

**EXCELSIOR MEUBELS,**
**BEPERK,**
**KERKSTRAAT 108,**
**POTCHEFSTROOM.**

**STUDENTE !**
Ons probeer die besmoontlike diens lewer onder moeilike omstandighede. Met u ondersteuning sal ons diens verder verbeter.

**Ondersteun u eie Boekhandel:**

**DIE**
**TRANSVALER BOEKHANDEL**
**KERKSTRAAT 90,**
Foon 497.
**POTCHEFSTROOM.**

# ONS LESERS AAN DIE WOORD

Geagte Mnr. die Redakteur,

Na aanleiding van die bespreking van 'n baie aktuele kwestie op 'n vergadering van die Debatsvergadering wil ek in u blad net 'n paar gedagtes uitspreek met die vertroue dat meer lesers hulle op hierdie ernstige vraagstuk sal besin, en dan die produkte van hulle besinning aan u blad sal stuur.

Die vraagstuk onder bespreking was: **Is die snelle imigrasie na die stede wenslik en geregverdig?**

Ongelukkig het een spreker die fout begaan om in die saak net twee aspekte te sien, n.l. 'n morele en 'n ekonomiese (dit terloops).

Ek het alleen 'n paar gedagtes oor die ontvolking van die platteland.

Die tyd het nou aangebreek dat die Afrikaner vaste grond begin vind in die stad op byna elke gebied, maar veral op die gebied van die handel en die industrie. En nog is die Afrikaner stelselmatig besig om te verower. Ek het goeie vertroue in die Afrikaner se vermoë om sy pad te vind in die stad (ek dink aan die bestudeerde en geskoolde Afrikaner). Ons hoef dus nie te vrees vir die stad nie as die verowerings van die verlede ook in die toekoms voortgesit word, nie net op ekonomiese maar ook op kulturele gebied.

In die verlede het die krag van die Afrikaner gelê in die feit dat hy die grondbesitter was, dat hy die eienaar was van die voedingsbodem. Om hierdie rede was die Afrikanerboer die ruggraat van die land. Die ganse Afrikanervolk het sy krag van die platteland gekry. Dis die platteland met sy bloue hemelruimtes, sy wydse velde, sy suiwer lug en brandende son, wat vir eeue die Afrikanervolk gekenteken het, dis dié dinge wat lewensnoodsaaklik gewond het vir die ruimheid van gees en die opregtheid van gemoed. Dit is dié Afrikaner wat presteer in die stede, en staan soos 'n rots!! Dis die Afrikaner met sy verlange na die grondruik wat onmisbaar is vir ons volk.

Die Afrikanervolk het alweer die ewewig kwyt geraak toe die geroep opgegaan het: **Red die stede!** Die gevolg was dat slegs 'n handjievol Afrikaners op die platteland oorgebly het (ook om ander oorsake). Die Afrikaner is besig om sy grootste bate, sy grond, argeloos uit sy hande te laat val. En met 'n glans in sy oog tel die buitelander dit ongemerk weer op om dit nooit weer prys te gee nie, want daarop kan hy parasiteer, kan hy sy uitlanderboeties verryk. Dit is so pynigend om te sien dat die uitlander op daardie grond in baie gevalle meer uitrig as die Afrikaner, omdat hy sy boerdery heeltemal spesialiseer en kommersialiseer. As dit so aangaan word die uitlander grondbesitter en die Afrikaner die afhanklike. Daarmee is die vergoed verby met die Afrikaner. Die Afrikaner in die stad sal sy pad daar vind maar alleen as sy mede-Afrikaner die grond behou.

Ons owerhede en opvoedkundiges het skuld aan die skepping van hierdie probleem. In Suid-Afrika word die onderwys beperk tot onderwys wat ons jeug bekwaam vir die stede. Ons jeug word redelik goed toegerus vir stede, maar wat word gedoen **vir die** jeug wat na die platteland moet gaan om te boer? Die boerdery bedryf het geweldig veeleisend geword, en die tyd van skapies veldtoe jaag in die oggend en kraaltoe saans is verby. Spesialisasie word noodsaaklik. Die aandag moet gegee word aan intensiewe boerdery. Maar daarvoor is onderwys nodig, wat nie verskaf word nie, behalwe aan 'n paar landboukolleges en Universiteite. Heeltemal onvoldoende!! Landbou-onderwys moet die eerste dag op skool begin, nie eers op kollege nie.

Vandag probeer die grootste gedeelte van ons jeug die Junior- of Seniorsertifikate te bekom om dan klerke te word in die dorpe en stede, deels omdat hulle nie verdere studie kan bekostig nie, en met dié sertifikate deug

(Vervolg op bl. 4).

(Vervolg van bladsy 2, kol. 2).

in besonder **Jood Struwig, Peet Struwig,** en **Perd Venter** hartelik gelukwens met die onderskeiding wat hulle te beurt geval het nl. om as Springbokke gekies te word.

## DANKBETUIGING.

Langs hierdie weg wil die Redaksie hul hartelike dank uitspreek teenoor Die Westelike Stem vir hul gewilligheid om weereens „Die Wapad" hierdie jaar vir ons te druk.

Ons wil ook 'n spesiale woord van dank rig aan **Mnr. Pienaar** (Advertensie-bestuurder) vir sy raad en bystand om die blad op 'n self-betalende basis te probeer bring.


**KOOP AL U——**

SPORTBENODIGHEDE

BY

**WES TRANSVAAL SPORTWINKEL**

Hersnarings aan Rakette ens.

MET MASJIENE GEDOEN.

P.U.K. KLEURBAADJIES

IN VOORUITSIG.

P.U.K. Dasse en Wapens reeds verkrygbaar.

**Dra VEKA vir smaak.**

*Goeie Diens Gewaarborg.*

**DE KOCK'S**

ELEKTRIESE DIENSTE

"Frigidaire" Yskaste,

Radios,

Verligting Toestelle

EN ALLE

Elektriese Toebehore.

Takke: **Klerksdorp, Lichtenburg, Blyvooruitzicht.**

DRIE BEROEMDE

1/6 GENEESMIDDELS:

Alma Hartdruppels,

Metafos: die groot senuweeversterker,

Maxo Poeiers vir Hoofpyn, Rumatiek en Griep.

S. M. LEWIS, BEP.,

APTEKERS,

POTCHEFSTROOM.

SELMA'S

TEE-KAMER

KING EDWARDSTRAAT 87.

BESOEK SELMA'S TEEKAMER,

waar u in stilte en netheid

VERVERSINGS, ETES ens.

KAN GENIET.

KOM NA

POTCHEFSTROOM

HANDELAARS

Die mees bekende Afrikaanse Handelaars.

Fone: 259 & 250.
KERKSTRAAT,
POTCHEFSTROOM.

C. VAN DER MERWE

KERKSTRAAT 92,
POTCHEFSTROOM.

* * * *

Fietse en Fietsonderdele

en Reparasies.

(Vervolg van bl. 3).

hulle net as klerke—dis 'n onreg aan die jeug wat wou gaan boer maar deur sy opvoeding in dié verkeerde rigting gedwing word. Soos ons 'n bestudeerde jeug in die stede nodig het, het ons 'n doeltreffend-opgeleide boerejeug nodig. Dit is die grootste feit wat ons onder oë moet sien: spesialisasie vir platteland sowel as vir die stede, d.w.s. wat onderwys en opleiding betref.

'n Opgeleide grondbesittende boerejeug sal die vernaamste bate van die Afrikaner in Afrikanerhande waarborg, en ook die grond vir die nageslag bewaar, en dit nie verwoes en uitput vir uitlandse base en boeties nie.

Daar is nog een sakie wat my laat peins. Skrik die geweldige eise wat die platteland aan die boer stel (dink maar aan die droogtes, die vernieling van oeste deur allerhande plae, grondverspoeling, onvrugbare grond, ens.) miskien die Afrikanerjeug af? Kies hy nie miskien die maklike weg nie, die weg na 'n enge kantoortjie in die stad? Ons mag dit nie glo van ons Afrikanerjeug nie!

Maar intussen moet ons almal die saak onder oë neem en ook veg vir ons saak op platteland en in stad, vir doeltreffende landbou-onderwys, vir die hersienng van die onderwysstelsel, want op die oomblik is dit besig om ons jeug in dié een rigting te dryf, te dryf na die engtes en onvryheid. Hierteen bots die kind van die veld—ons!

Mede-studente, weet dit: as 'n mens oor die natuur heers is jy heerser, daarom ook vry, want heerser-wees is vry-wees. As ons volk sy grond verloor verloor hy sy heerserskap, sy vryheid, en verloor ook 'n ganse volk sy heerskappy, 'n heerskap wat ook nog vryheid beteken onder oorheersing. Wee ons as ons ons hierdie vryheid laat ontneem.

Suid-Afrika vir die Afrikaner, stad en platteland!

Dankie.
P. G. SNYMAN.

---

Malherbestraat 20,
Potchefstroom.

Beste Neef Redakteur,

Ons hier in Malherriestraat voel dat ons darem nou ietsie van ons ook moet laat hoor. Moenie vra wat ons dit laat voel nie of waar presies ons dit voel nie; ons voel dit maar sommer.

Om nou by 'n baie belangrike punt te begin, ons is 'n lekker moppie hier. Onder lekker bedoel ek dat ons eerstens baie gawe maats is. Hier is hoegenaamd geen dwarstrekkery nie. As een van ons besluit om die dag te gaan klasloop, dan vat al die ander sonder 'n klag of 'n sug hulle fietse en gaan woon ook hulle klasse by. As een net meen dat die koffie te sterk is vandag, dan ly mevrou tenminste sewe koppie koffie skade, en as daar nie gou gesoek word na die kern van die moeilikheid nie, vanaand half-nege weer sewe. Dan het ons oor die algemeen 'n sterk wil ook: as ons nie wil werk nie, werk ons nie.

Verder slaap ons op lekker sagte beddens, ons kamers word minstens eenkeer per dag uitgevee en ons het nou 'n jong hondjie ook hier, maar hy staan nog vas aan die pruimboom. Hier langs ons bly 'n omie met baie lekker pere in sy tuin en as hy ons nie sien nie gee hy gladnie om dat ons daarvan gaan haal nie. In ons tuin is nog baie tamaties ook waarvan ons na middernag vryelik kan eet as ons wil. Op die minste driekeer per dag roep die klokkie ons na die teetafel toe en as daar nie een of ander aptytwekkertjie 'n rol speel nie, kry ons aan die etenstafel ook genoeg.

Maar dis nie altyd so droog hier nie Neef. Net eergister nog het een van ons ouens verjaar en die middag het 'n vragmotor hier 'n groot kas afgelaai. Ons het dit effens geskud en die bekende klanke van bottels teenmekaar gehoor. Neef kan dink hoe opgewonde was ons toe. Ons het dit oopgebreek en soos ons verwag het was dit vol bottels gepak en presies soos ons verder verwag het was dit vrugtebottels vol eetgoed—ingelegde vrugte, konfyt, plaasbotter ensovoorts.

Maar so gepraat van bottels—ons wil Neef nog net 'n kort storietjie tel voor ons gaan slaap. Ons het ons nou die dag byna waternat geskrik van die sweet toe ons hier by die huis 'n versoek kry om die S.R. die volgende môre te ontmoet. Ons het nooit die nag geslaap nie.

Die S.R. was nie baie kwaad vir ons nie. Die S.R. het net gesê ons moenie weer met kaal bolywe in die straat rondloop nie. Hierdie klas van klagtes kom glo van sekere dames wat hier by ons verbyry plus nog van een of ander neef daar bo in die koshuis. Nouja, oor die dames sal ons nie praat nie, dit pas nie in hierdie gesprek nie.

Maar ons wil tog net vir Neef 'n gunsie vra. As Neef miskien bogenoemde ou held raakloop, vra hom tog om asseblief sy gesig en veral sy oë, baie goed te was; netnou praat die

(Vervolg op bl. 12, kol. 3).

*Uit Oud-Studente-pen . . .*

# TOE STUDENTE MIN EN DONKIES VOLOP WAS.

## *PROF. JOOSTE AAN DIE WOORD.*

In die jaar vroeg toe die studente nog maar min was, het die seniors onder die gimnasiaste saam met die studente die kamers van die huidige Brandwag-losieshuis gedeel. Die ry kamers aan die agterkant van die gebou was deur hulle bewoon.

Op 'n sekere agtermiddag terwyl almal druk besig was met slaap of werk, ons sal daarop maar nie nader ingaan nie, sit ou Koos en Lukas in hulle kamer en toe het min of meer die volgende gesprek tussen hulle plaasgevind:

Koos: Ou Loek jong, dit is darem te vreeslik soos die donkies hier op die grond pla, 'n mens wil party dae net insluimer dan trek die ellendige goed los en wie kan dan nog slaap!

Lukas: Ja man wil jy glo hulle versondig 'n mens rêrig en dit word tyd dat ons 'n plan moet maak. Wat stel jy voor moet ons doen?

Koos: Kyk, ek het netnou opgemerk hier loop so'n jong donkietjie aan die voorkant van die gebou en wei, kom ons gaan vang hom en bind 'n blik aan sy stêrt vas om te sien wat die knaap dan sal aanvang.

Lukas: Nouja goed, kom ons doen dit sommer nou.

Een twee drie was die kommandotjie gereed en die donkie is omsingel. Die ou diertjie het natuurlik nie die minste vermoed wat met hom gaan gebeur nie en gevolglik het hy sonder te veel stryd maar kop gegee en hom laat vang. 'n Paar het hom aan sy ore vasgehou en die ander was doenig met die blik by die donkie se stêrt. So ja kerels, laat maar los voor want die blik is goed vas. Die donkie word gelos en waar was jy? In 'n ommesientjie was dit net die donkie en die blik al op die grond rond en praat nie van die lawaai wat die vaal diertjie opgeskop het nie. Dit het die aandag van die ander inwoners getrek en voltallig het hulle uit hul kamers uitgebars elkeen met 'n vars opmerking om kleur by te sit. So sou die besigheid seker maar 'n rukkie geduur het en dan sou alles weer stil gewees het. Maar wat wou! Terwyl die jolige klomp die affêre staan en aanskou, kom die eienaar van die donkie op die toneel en dit het 'n lelike wending gegee aan die origens gewone sakie. Die oom was nie baie groot nie, maar het beskik oor 'n waardige tong en dit was ook sommer uit die staanspoor van die boonste rakke wat hy op die kêrels uitgehaal het. Toe los hulle die donkie en hulle begin met die oom te skerts en dit het hom nog kwaaier gemaak. Hy het begin vloek en na klippe gegryp nadat hy eers gou sy lot gaan kla het by die huisvader, een van die ouer studente. Hy was al buitekant die grond toe een van die studente weer 'n opmerking maak en dit het hom so woedend gemaak dat hy net na klippe gegryp het en op die klomp aangestorm het. Hulle wou net na al kante toe uitmekaar spat toe sake skielik 'n ernstige wending geneem het: Die oom het in sy vaart na die draad toe meteens in sy spore neergesak en na dit geskyn het morsdood gelê. Dit het niemand verwag nie, en die voorpêrd van die hele petalje het meteens verskrik gestaan. Van die senior kêrels het dadelik op die oom toegesnel en hom probeer lawe; maar waarmee? Reukwater het niemand gehad nie en brandewyn was nog skaarser. (Hoe het die tye nie verander nie! Red.)

„Hardloop een van julle kêrels gou na Prof. Duvenage se huis en kyk of julle nie iets kan kry om hom mee te lawe nie." Intussen het hulle hom ingedra en op ou Mêrten se bed neergelê. Die tekens van lewe was maar baie min, maar nadat die persoon met

(Vervolg op bladsy 6).

**Ons wil op alle oud-studente wat in besit van dié „Wapad" kom, 'n ernstige beroep doen om op die blad in te teken (intekengeld is slegs 3/- per jaar—posvry) en artikels vir die oud-studente rubriek te lewer.**

**Verder, sal ons dit op prys stel as u ook alle oud-Pukke met wie u in aanraking kom sal aanspoor om ons te ondersteun.**

**M. B. BLOCH**
**KERKSTRAAT,**

HUISRAAD, STOWE
en
STOOFPARTE

**GILFILLAN EN STROH**
**POTCHEFSTROOM.**

FIETSE EN
FIETSREPARASIES

*Die Kwaliteit tel altyd.*
Probeer hierdie vir Ekenomiese en durende gemak.
* * *
Sportbaadjies—Embassy.
Sportbroeke—Alba.
Sportskoene—Master 6.
Nuutste Hoede—Battersby.
Pakke Klere—Perfection.
Reënjasse—Durburg.
Pijamas—Monatic.
Hemde—Consulate.
Onderklere—Meridian.
Dasse—Tootal.
Kouse—Wolsey.
Kruisbande—Guyot.
* * *
ALLES VERKRYGBAAR BY
**TOD SUTTIE'S**
**Die Mans Klerewinkel.**

**CORNER FRUIT STORE**
VIR
VARS VRUGTE EN
GROENTE
DAELIKS.
● ● ●
**HOEK VAN KING EDWARD EN RETIEFSTRAAT.**
**Foon 118.**

INGRAM SE BOTTELSTOOR

(Eienares: Mev. C. M. INGRAM).

INGEVOERDE

en

KOLONIALE

WYNSOORTE

en

SPIRITUALIEË.

P. GROBBELAAR

FOON 331.

KING EDWARDSTRAAT 114,

POTCHEFSTROOM.

PRAKTIESE SNYER

EN KLEREMAKER.

★

Distribueerder van

Rex Trueform Klerasie.

W. J. SPAVINS EN SEUN

VIR ALLE

Elektriese Benodighede,

Draadlose, Koelkaste.

KERKSTRAAT 65,

POTCHEFSTROOM.

(Vervolg van bl. 5).

'n bietjie laafgoedjies gekom het, ek dink dit was 'n bietjie whisky, het dit weer beter begin lyk. Waar tot kort van tevore die verslaendheid nog op hulle gesigte te lees was, daar het hulle nou weer begin met hulle grappe. Nouja kêrels julle „grommel" heeldag oor die sportfooi wat van julle gehef word, waar wil julle nou beter sports hê as wat ons hier vandag gehad het, laat ou Willem hier van diekant af hoor.

Daarna het die veetjies maar weer rustig gewei op die grond van die losieshuis en die donkies het maar ons middagslapie heerlik gestoor. Die donkiepetaljie is nie weer herhaal nie.

(Die vraag het onwillekeurig by ons opgekom: As hier dan in die jaar vroeg donkies naby die koshuise rondgeloop het, hoe het die publiek dan geweet watter die donkies en watter die studente is, die oplossing is seker dat die meest studente in daardie dae nog hoede gedra het.—Red.)

## *P.U.K. IN PRETORIA.*

Pitorie.

Meneer die Redakteur,

Ja, dit is ek. My liefde vir die P.U.K. laat my nie toe om stil te bly nie. Ek verlang terug meneer die redakteur, na al die ou gesigte, al die heerlike massas, al ons „serenades" in die nag, al die aanvalle op die berg (eenkeer is 'n beker op dié manier verower), ja selfs na Ma se kos, al is dit dan net om weer te kan „squeel."

Meneer die redakteur, jy sal my nou dalk nie wil glo nie, maar 'n mens kan deesdas met toe oë in hierdie Jakarandastad loop, maar 'n Pukkie gaan jy raakloop. Pollie meen hulle vervuil maar meneer die redakteur ek wil hê jy moet met haar raas, want hoe kan goeie goed dan nou vervuil? **Ons is van plan om hier 'n buitemuurse P.U.K. te stig, en soos ek verstaan is Mnr. Oosthuysen (op die P.U.K. het ons die voorreg gehad om hom as „Klein Twakkies" aan te spreek) genader as moontlike rektor, en kort op sy hakke (wat betref populiergyt) volg Skip (die een met die swak hart).**

Jalla het hom die lot van die verorberaars van tabak so aangetrek dat hy een van die dae na Marico wil afreis om tabak (twak?) op groot skaal te gaan droogmaak.

Vir niemand sal dit seker snaaks wees om te verneem dat ek nog alleen is nie. Op hierdie punt was my vriend Dupie vir my net mooi een te veel. Hy sê my hy het hom **totaal** oorgegee. Beste van alles is dat dit omtrent 100 tree van my kamerdeur na haar kamerdeur is, en hoe ver is Dupie nie van ons af nie!? Nee meneer die redakteur, ek verbeel my nou nog mos maar altyd dat goeie goed daar op die P.U.K. wandel, maar die ou hart van my, ai, hy is so hard. Ek dink ek het myself nog te lief. Mooi was vir my nog **nooit** lelik nie, en goed is **nie** vir my sleg nie, maar sou dit nou voldoende wees om 'n saak mee te begin? Daar is maar een antwoord: Die tyd is nog nie ryp nie. Maar ek treur nie daaroor nie, meneer die redakteur, en praat my maar self moed in, en Saterdagaande vry ek maar weer soos gewoonlik in my hart soos 'n os. 'n Mens moet net moed hou in die lewe dan kom alles reg.

Haai, meneer die redakteur, hoe uiters bang raak ek net nie as ek daaraan dink dat dit vanjaar skrikkeljaar is, veral nou dat ek hier in 'n vreemde stad is waar die dogters my nog nie ken nie. Dan kom die moeilikheid met die Ma ook nog weer later by. Maar ook hier sal ek slegs moed hou.

Maar ek wil die P.U.K. nou graag groet, die here met 'n stewige handdruk, die dames met 'n kus op die wang. Nou verlang ek weer meer, een van die mooi dae is ek daar.

Baie groetnis,

BAARKIE.


## VERSKONING EN OPROEP.

Die Redaksie wens om verskoning te vra dat die eerste uitgawe van „Die Wapad" so laat in die jaar eers sy verskyning maak, maar dit is egter te wyte aan omstandighede wat buite ons beheer is. **Die aantal uitgawes word egter nie deur die vertraging beinvloed nie.**

Verder wil ons 'n baie ernstige beroep op alle studente doen om te help om van die blad—u eie blad—'n sukses te maak. Dit kan alleen verkry word as almal daarop inteken en u die redakteure met artikels oorlaai. Pukke, toon waartoe u in staat is—leef u self uit—deurmiddel van u eie studenteblad.

**Artikels vir die volgende uitgawe moet nie later as Maandag 3 Mei by die verskillende Redakteure ingehandig word nie.**

**SKRYF PUKKE SKRYF.**




## P.U.K.-TONEELVERENIGING.

Alhoewel hierdie Vereniging in die verlede sy bestaan nog nie tenvolle kon regverdig nie, is ons tog van plan om vanjaar die fondamente van die Toneelvereniging so sterk moontlik te lê.

Die misverstand dat die Toneelvereniging net gestig is vir hulle wat toneel kan speel, moet onmiddellik die kop ingeslaan word. Die vereniging wil so breed as moontlik werk. Daarom is daar in die eerste plek 'n toer in sig wat geleentheid bied vir ons beste toneelkragte om hulle talente te ontwikkel en ondervinding op te doen. Verder sal daar nog toneelgroepies gestig word om diegene wat wel wil toneelspeel aan te help. Hierdie persone sal plaaslik by geleenthede optree, soos byvoorbeeld vergaderings.

Almal wat enigsins kan toneelspeel moet vanjaar belangstel en hulle gewig ingooi. Volgende jaar is ons van plan om groot dinge te doen. Later sal u hieromtrent verneem.

Wat nou van die persone wat nie kan of liewers nie wil toneelspeel nie. Vir hulle sal ons lesings en praktiese klasse reël, waar hulle iets kan leer omtrent décor, grumering, ens.

**Die Toneelvereniging wil 'n vereniging vir al sy lede wees.—Daarom het ons klaar iets vir u almal gereel.—Die 30ste April en 1 Mei kom Mnr. Verheyen ons besoek. Heelwaarskynlik sal dit die eerste maal in u lewe wees dat u so iets, as wat Anton Verheyen u gaan voorhou, sal sien. Daar kom naamlik ELF karakters in die meesterstuk van Dostojewsky, „Schuld en Boete" voor, en Verheyen vertolk al elf rolle met kostuums.**

**Onthou dus die 30ste APRIL en 1 MEI om HALFAGT elke aand.**

Die eerste aand sal Verheyen 'n aantal sonnette en fragmente uit „Gysbrecht van Aemstel" en „Julius Caesar" voordra, terwyl hy ons Saterdagaand sal vergas op Dostojewsky se vollengte drama: „Schuld en Boete."

**Die Toneelvereniging het 'n waagstuk aangegaan om Verheyen hiernatoe uittenooi. U moet ons help om die nodige propaganda te maak, want dit MOET 'n sukses wees, aangesien daar ook 'n swaar finansiële las aan verbonde is, wat gedek moet word.**

W. J. DE KLERK.

## *DIE ALABAMA BOERE-ORKES.*

**SUID-WES-AFRIKA-TOE!**

Wat 'n towerwoord! Ons gaan vanjaar in 'n deel van Suid-Afrika waar min van ons nog ooit was. Die land van die swart diamante! Dwarsdeur die hele Suid-Wes tot by Swakopmund en Grootfontein. Ons gaan om harte te steel en om te verower deur diens!

Aangespoor deur die suksesse van die afgelope jare en die vlotheid waarmee die organisasie verloop, asook die gulhartige aanmoediging wat ons van alle kante ontvang, twyfel ons nie daaraan dat ons toer gedurende die Junie-Julie vakansie iets anders as 'n reuse sukses kan wees nie.

Lank lewe die Alabama!!

J. A. DU PLESSIS (Sekr.)

Die liefde vir die naaste, die hulpvaardigheid vir diegene wat in behoefte verkeer, die smart-aanvoeling vir die ellendige is iets wat nie binne kan bly nie, dit wil **uit, die goud van die liefde wil blink in die sonlig van die daad.**

## PADMAAK.

Vir 'n lang tyd het ons studente gestaan en wag om te sien of die bosse teen die bult nie wil oopvou sodat „Die Wapad" weer voor ons kan ooplê nie. Ons wou al begin moeg word en die hand wou van die oogbanke terugval, toe het die laaste bosse huiwerend gebewe . . . . en geval: die wapad was oopgekap!!

Graag wens ons die Redaksie geluk met doeltreffende en ywerige manier waarop hulle die struikgewas van jare verwyder het, en die wapad verlê het om die spoel van donggas deur die ophopende vloedwaters van skuld te vermy. Mag die wapad lank begaanbaar bly!

J. J. v.d. WALT.

## ATLETIEK.

Oor hierdie deel van ons sportlewe aan die P.U.K. kan op die oomblik nie veel gesê word nie ,aangesien omstandighede daartoe gelei het dat sowel die P.U.K., en die Wes-Transvaalse byeenkoms nog nie kon plaasvind nie.

Daar is egter 'n span gekies om mee te ding teen die Onderwyserskollege, en hiermee dan ons hartlike gelukwense aan daardie atlete wat daarin geslaag het of sonder oefening die Normaliete tot 'n gelykop uitslag te dwing.

Verder ons hartlike gelukwense aan Mnr. Boshoff, met sy besondere prestasie om 2de plek te verower op die S.A. Junior-kampioenskappe, waar hy slegs deur die bekende Lombard gewen is.

Sterkte aan ons atlete vir die komende seisoen.

A. BOTHA.

# ...EN SO HET HULLE GEVAL.

Ons ou Theos. het weer die P.U.K. se naam hoog gehou toe hul die Pote die wrange vrugte van 'n neerlaag laat proe het.

J. SPIES het 'n skitterende drie gedruk wat dan ook aan die P.U.K. die oorwinning van 3—0 besorg het.

Die „Navy" was ongelukkig om met 3—0 te verloor, maar hierdie neerlaag sal gewis nie lank ongewreek bly nie.

Die Onder-19 spanne verdien ook lof vir hul oorwinnings. In albei gevalle was die telling 3—0.

Die manshokkie het met hul klinkende oorwinning van **12 doele teen 0** alle Pote gewis ontmoedig om ooit weer aan 'n hokkiestok te vat.

Op die pawiljoen was **Patrys** ook die oorwinnaar oor die Poot.

Daar wag 'n harde jaar vir die Theos, maar as hulle, veral die voorspelers, 'n beter spangees ontwikkel, verwag ons baie vanjaar van hulle.

**En van die Pukke wat nie speel nie word verwag dat hul almal sal opruk na die Park as P.U.K. 'n wedstryd speel en hul makkers vanaf die pawiljoen die morele ondersteuning skenk.**

## UNIALE JUKSKEI-TOERNOOI,

### Bloemfontein.

Die Wes-Transvaalse Mans A-span het vanjaar weereens uit P.U.Kaners bestaan. Die spelers was Peet Struwig, Jood Struwig, Spokie de Villiers, Perd Venter en Lappies Labuschagne.

Hoewel die span na die toernooi op Ermelo onderskat is, het ons darem daarin geslaag om die Kopersbond-Trofee weereens te buit met 'n meerderheid van 33 punte oor Suid-Westelike-Distrikte wat 2e gekom het. Ons puntetotaal was 210.

Ook het ons saam met die Wes-Transvaal B-span en damesspanne die A.T.K.V. Doeltreffendheidstrofee vir mansspanne en die Sonop-trofee vir die meeste punte deur een Bond aangeteken gebuit.

Op die toernooi het Jood Struwig hom onderskei deur spel van die hoogste gehalte te lewer. Verder is drie van ons spelers nl. Peet Struwig, Jood Struwig en Perd Venter op die S.A. Jukskeiraad se ranglys geplaas.

Ons wil ook ons dank betuig aan alle P.U.Kaners en ander belangstellendes vir telegramme aan ons gestuur tydens die toernooi.

J. H. LABUSCHAGNE,
Sekretaris.

## 'N VERDUIDELIKING:

Weens die feit dat die meeste ligawedstryde binnekort eers begin, is die sport-rubriek in die uitgawe afgeskeep.




# EERSTEJAARS WYSHEID.

**(Eerstejaars is gevra om hulle opinie te lug oor ou dames en -here, en dit was die gevolg.—Red.).**

Op sportgebied blink die Pukke altyd uit. Van die beste atlete in die land is aan die P.U.K. verbonde.

Die P.U.K. is by uitstek die universiteit waaraan 'n student homself tuis kan voel.

---

Toe 'n draak in die ry lag oor die spykery wat Saterdagaand sal gebeur, sê die ou heer:

„Sluk daai lag man; dis g'n grap nie; dis lekker."—Onvergelyklik geestig, dink ek!

---

Aaklig om se sê,
daar's twee soorte donkies.
Die een gedryf deur klonkies,
maar ag, wat van die ander soort
wat tot die tweevoetiges behoort?

(Eerstejaars sal later leer om nie met hulle-self te praat nie.—Red.)

---

Skaars egter of hier is die ou Here, en ek word uitgeskel en sleggemaak vir 'n ander wêreld. Nou verlang ek regtig na my mammie.

---

Wat 'n baie oulike idee van die ou Here is, is die liggaamsoefeninge in die oggend want reeds na die eerste oggend was my hart glad nie meer die seerste plek nie.

---

Die ou Here is volgens my mening 'n goeie instelling, want as hulle nie die drake in toom gehou het nie sou baie van hulle tot te verwaande skepsels ontwikkel het.

---

Aangesien onkruid nie vergaan nie, sal ons seker almal in die lewe bly.

Vir die ou here is dit maar skrikkerig en die ou here lyk so groot.

As dit net eendag so 'n ou dame kan wees soos die ou dames is en as daar dan net sulke ou here is as wat hier nou is, sal dit lekker wees op P.U.K.

---

Wat die dames betref, lyk dit nie of hulle gekom het om te studeer nie, maar om te sorg dat die ou here nie koud kry in die winter nie . . . Ponde en ponde wol word op die P.U.K. opgebrei deur die ou dames.—(Regtig so? Gelukkige ou Walter!—Red.).

---

## *„OM KWART-VOOR-SES IN DIE MôRE."*

*(Na aanleiding van „Winternag"— E. N. Marais.)*

*O koud is die windjie en skraal,*
*en waai om ons bene so kaal.*
*So wyd as die ou here se gewete*
*lê die voetbalveld vol drake met skete.*
*Uit elke draak se oog,*
*Spat 'n traan met 'n boog;*
*En hulle oefen in die kou*
*Tot hul moeg is en flou.*

*H.K.*

---

WAT WEET U VAN DIE REGERINGSBEGINSEL VAN DIE STUDENTELEWE?

---

Hiervan weet ek omtrent niks, maar net dit dat Art. II van die grondwet van die S.R. nooit verander mag word nie en dit lui as volg: Die studentelewe van die P.U.K. vir C.H.O. is streng Calvinisties. (D.w.s. dronkaards, rowers, heidene, ens. die smyt ons uit, of hoe?)

ONTMOET U VRIENDE
by die
SONSKYN KAFEE
en luister na u
EIE KEUSE MUSIEK

DANILATOS
UITRUSTERS.
*Die Winkel vir Waarde.*
ONS SPESIALISEER IN
KLERASIE
VIR MANS EN SEUNS.
Besoek ons en oortuig uself.
**Hoek van Lombard- en King Edwardstraat, Potchefstroom.**

KOM SIEN ONS
vir u
Fotografiese- en
Aptekersbenodighede.
GEEN EN VELLEMAN,
KING EDWARDSTRAAT,
POTCHEFSTROOM.

J. HEIDEMA
(Teenoor Gereformeerde Kerk).
KERKSTRAAT 30,
POTCHEFSTROOM,
vir
Raleigh en Phillips Fietse,
en ander
Matchless en Velocette
Motorfietse.
OOK
Olivetti Tikmasjiene.

## *Aan die wat lief het:*

Skenk 'n foto wat die romanse sal bevorder.

## *Aan die wat presteer:*

Sorg dat u trots sal wees op die fotografiese bewys van u prestasies.

## *Aan die wat arsel:*

Die professore en lektore wat ons binne die eerste ses weke reeds ondersteun het, of ondersteuning toegesê het, of waardering vir ons werk uitgespreek het, word van harte bedank. Ons strewe daarna om mense met onderskeidingsgawe te bevredig.

## *Aan die Intelligentsia:*

As Kritzingerfotos só „anders" is dat hul op uitstallings bekroon word dan is dit omdat die leiding van die kunssinnigste S.A. fotograwe nie vrugteloos was nie.


**J.N.J. KRITZINGER**

*FOTOGRAAF,*

**KERKSTRAAT 84,**
**POTCHEFSTROOM.**



**ANELLAS**

vir

**ALLES EN NOG WAT.**

Smaaklike Visgeregte,

Koue en Warm Etes.

Koue en Warm Dranke.

VRIENDELIKE EN DEEGLIKE DIENS WORD GEWAARBORG.


## OU HERE.

Verskeie dierkundiges het in die verlede reeds beskrywings gelewer oor die oerbewoners van die veld, maar niemand het nog die ontstaan en ontwikkeling van die oer-bewoners van die P.U.K. wetenskaplik nagevors nie.

Die vroegste bewoners van die P.U.K. het hulleself van die res van die wêreld onderskei deur die benaming van „Ou Here." Die Ou Here het klein begin; was verstrooi deur die ganse Potchefstroom, maar weens die gemeenskaplike strewe om gedrogte en drake op hulle plekke te hou, het hulle verenig tot 'n hegte los federasie, die konstitusie waarvan hoofsaaklik uit kompromieë bestaan, dit wil sê een groep is ontevrede oor 'n sekere stipulasie, en 'n ander groep is—ook ontevrede. As gevolg van hierdie toestand is dit onmoontlik om 'n Ou Heer so te bevredig, dat hy **„bevreetdik"** voel.

Verder bepaal die Ou Heer konstitusie dat die regering op monargistiese basis geplaas word, net, die diktator moet ontbreek. Volgens die kompromis-teorie moet daar egter twee stelsels wees, en die tweede is dus 'n demokrasie met net diktators daarin.

**Die Ou Here het deur die eeue heen vir hulle, in navolging van die oervolkie, die Proffies, 'n kultuurtjie opgebou wat, hoewel nie gelykstaande aan die Griekse klassieke kultuur nie, darem heeltemaal klas-siek is, en dis oor hierdie klas-sieke kultuur waar die Proffies so ontevrede is, aanges ien laasgenoemde 'n kla-sieke kultuur daarop nahou.**

**J. P. C.**


POTCHEFSTROOM
**DRY CLEANING WORKS**
Foon 789.
**POTGIETERSTRAAT 18.**

PROBEER ONS

VLEKLOSE

DROOGSKOONMAAK

en

SPOEDIGE

AFLEWERINGS.

Eienaar:

P. D. de Wet.

**POTGIETERSTRAAT,**
**POTCHEFSTROOM.**



**W. J. GROBBELAAR**

DAMES EN HERE HAARKAPPER.

*MARCEL EN WATERGOLWING.*
*PERMANENTE HAARGOLWING.*

*Helen Curtis Machineless Oil Perm,*
*Jamal Machineless Cream Perm.*

BEKWAME BEHANDELING GEWAARBORG.

Tabak-handelaar en Fantasiegoedere.

**Tel. 330. KERKSTRAAT 92, POTCHEFSTROOM.**

## „DIE WAPAD” WIL GRAAG WEET VAN:

**Tien Kotze:** Waarom hy een aand met sy skoene aan gaan slaap het?

**R. M. Britz:** Waarom hy nou sy hare uit sy kop wil trek dat hy nie sy eertydse plan om Hollands as hoofvak te loop, uitgevoer het nie?

**L. C. S. Haasbroek:** Waarom hy die koei wat sy tande uitgeskop het, nou „gespite” het?

**Jood Struwig:** :Waarom hy vir hom sulke dik ferweelklere aanskaf.—Pessimisties (wat betref die winter) of optimisties (wat betref die heining)?

**P.U.K. Boukommissie:** Waarom hulle Leeukop en Tafelberg agter Thabankulu laat aanbring het—Falckenberg is mos ook in daardie omgewing!

**Martie Kruger:** Waarom sy altyd van De Klerkhuis en nie van Thabakulu praat nie?

**M. Venter:** Of sy werklik dink dat alle ou Here die wonderlikste mense is, met kennis van alles?

**W. Jansen:** Waarom hy in plaas van te werk heeldag met papiervliegtuigies in die vierkant van Thabajäh rondhardloop en hy hom verbeel hy veg **met** (verbeel jou—nie teen) Spitfires?

**Bertus v.d. Walt:** Waarom hy nou skielik wil kys—of is dit omdat hy 'n trui kort?

Die ene Lêsing lê saans onafgebroke op die draad, vermoedelik in die rigting van 0044—maar volgens sy kamermaat se eie woorde maak hy nognie 'n hond haaraf nie.

## *DINGETJIES WAT TEL.*

Wat sou die lewe wees sonder die klein dingetjies wat per slot van sake tog die heelal uitmaak? Moet nie net na roem en eer strewe nie—al het jy geen talente nie en jy besit die gawe om die klein dingetjies te merk en te waardeer is jy ryk, veel ryker dan meeste van jou medemense.

Gaan saans in die ligvaal skemering vir 'n wandeling. Die vroeë aandbries sal jou hete wange streel en die stadsgesuis in jou ore vervang met die innig intieme stemme van die veld. Die fyn, mistieke geur van aandblomme wat soet huiwer in die lug sal jou neusgate streel. Dit sal bly en opgewek in jou word want dis skoon op die velde, en—dis verruklik om mens te wees.

As jy gaan sit om te rus sal jou hond sag vertroulik sy koue nat neus in jou nek kom druk. Jy sal die teken van vriendskap verstaan en waardeer soos jy in tye van nood die stille handdruk van 'n vriend verstaan en waardeer. Woorde is nie nodig om die harmonie te voltooi tussen twee wat verstaan nie, al is die een 'n hond.

En . . . . as die dag rooi gesterf het in die weste en die donker ineensmeltende vorms van die bome groots voor jou opdoem sal jy stadig opstaan en huis-toe gaan. Kalmte heers in jou gemoed en 'n groot dankbaarheid jeens God styg in stille gebed na bo: „Dankie Heer, vir die klein dingetjies.”

AGNES DE WET.

Ons lewe hier nie in 'n geesteswêreld nie. Ons is mense van vlees en bloed.—Totius.

*LEES*———

**Die Westelike Stem**

Enigste Afrikaanse Weekblad wat gepubliseer word vir Wes-Transvaal.

———:o:———

SPORTSBERIGTE, ALGEMENE NUUS.

VRA VIR BENNIE OSLER

**RUGBY-STEWELS**

VERKRYGBAAR BY:

**DE BRUYN SE SKOENWINKELS**

BEPERK,

POTCHEFSTROOM.
Telefoon 821.

**BLACK'S**

DAMES EN MANS

UITRUSTERS

* * *

Posbus 197. Foon 179.

KING EDWARDSTRAAT, POTCHEFSTROOM.

**DU TOIT & ELOFF**

Kerkstraat 59, Foon 187.

Mans- en Damesklerasie, Kruideniersware, Vars Vrugte en Groente.

## ONTVLUGTING.

*Soos die diepe deining van die lug*
*hang die stilte ongenaakbaar sku*
*om die siel wat in sy voëlvlug*
*oor die bultesee die wydheid klief.*
*En verenig met die blouheidsglans*
*deel dit in die bruilofslied van*
*windgesuis met seegeklots en*
*Teerheid wat op maanligstrale*
*dans.*

*In die heimweesang van die natuur*
*skuil 'n stilte wat alleen die siel*
*in sy eensaamheid kan deel—want*
*puur*
*Godgegewe is sy weemoedsgang*
*deur die blou. En in die ruim*
*verskiet*
*juig dit met voldaanheid mee*
*in die lofsangkoor tot God wat*
*opwel uit die see se ruisingslied.*

L. S. KRUGER.

„Die Wapad” het die genoeë om Mnr. Ryno Kriel te filisiteer op die manier waarop hy gedurende die vakansie vir Ousus in Thabajah opgepas het.

* * *

Dit word beweer dat die lang litterige ouheer saans om half-agt nie meer krag genoeg het om na Postmahuis terug te keer nie—dit is seker maar te wyte aan die koue!


# A. T. LUKE EN KIE.

VIR AL U

MEDISYNE

en

TOILET PREPARATE.

AGENTE VIR

R.C.A. RADIOS.


Die Westelike Stem—3911.

## MEJ. BASOETOELAND.



Stadsaal,
Johannesburg,
April, '48.

Mej. Tjenalunang Olelulè Mathlakala, wat onlangs op die finale rondte van die Uniale skoonheidskompetisie as mej. B. aangewys is, verskyn op meegaande foto. Die eer het haar onverhoeds oorval nl. as gevolg van die feit dat sy die beste mening uitgespreek het oor van Wyk Louw se „Swart luiperd”—of te wel „Die lui swartperd.”

Sy was nie alleen die slagoffer van die skoonheidstentoonstelling nie (aangesien Kolbooi, Witvoet, Appel en al die ander plaasdiere nie meer goedgenoeg is vir tentoonstellings nie), maar ook diè van verskillende bioloë soos o.a. Dr. Babroom wat ook onder die omstanders opgemerk kon word, met flikkerende oë en aflekkende lippe.

Die volgende skoonheidstentoonstelling, volgende jaar en in die lig van Mej. B. se prestasie en oorwinning, gaan wees tussen Bobbejaanmannetjes en hoenderhande—en as dit weer verby is, tussen perdebye en slakke ens. Elke skou sal deur Dr. Babroom bygewoon word totdat die „Missing Link” ontdek is. Vir die Evolusioniste wag daar dus 'n besige tyd—hulle sal aan die einde seker maar weer teleurgesteld wees. Jan Taks sal glo nie by die volgende tentoonstelling weer die kans laat verbyglip om die kroningsplegtigheid waar te neem nie, hy moes hom glo hierdie keer tevrede stel met 'n vragmotor vol van mindere allooi as „Mej. Basoetoland.” (Van ons spesiale korrespondent).

(Vervolg van bl. 4).

dames daarvan ook. En dan kan hy nog vir hom 'n baie sterk bril ook aanskaf. Derdens moet hy nog eendag 'n klassie afvat en vir ons kom kuier. Ons huisnommer is 20. By hierdie geleentheid moet hy maar sy bril by die huis laat bly. Hy hoef nie bang te wees nie. Ons wil net vaderlik met hom gesels.—En indien hy dit verkies sal ons hom met bedekte bolywe ontmoet. Ons het al so gestry oor wie die ou taaie kan wees dat hy verplig sal wees om te kom kuier, net om interhuislike moeilikhede te voorkom.

Maar wag, Neef, dis al laat en daar moet nog appels en tamaties gehaal word vir vannag. Hier so by dagbreek smaak 'n slukkie water en 'n groot hap appel darem heerlik, Neef! Ek wil net eers my flits soek want ons moet by die pruimboom verby waar die hondjie vasstaan, en Neef weet, hy is ook maar self nog jonk. Nouja, nag Neef, en sê baie groete tuis as Neef weer huis-toe gaan.

Neef se vriende,

MALHERRIE-MOB.

(Verkort.—Red.)

Ignastergal van der Walt soek deesdae waarskynlik na drie „dinge”: (i) na „Fires” se broer wat uit sy skêrgreep ontsnap het; (ii) na sy bril wat terselfde tyd soekgeraak het, en (iii) . . . . dit is aan almal reeds 'n geruime tyd bekend.


ELKE DAG VARS

# TURKSTRA SE BAKKERY

BROOD EN
ALLE KOEKSOORTE.

RAADPLEEG ONS VIR

BRUIDSKOEKE.

Foon 282. Foon 282.
KERKSTRAAT 37,